

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad R 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Die wind die waai

Die wind die waai
Die haan die kraai
Die bok staan op sy tone
Hy eet die boer se bone
Die boer kom met sy kweperlat
En slaan hom op sy linkerblad

'n Walvis in my sop *deur Jaco*

Jacobs "Aarde toggie, roep die
kok-Daar's 'n walvis in my sop!"
Ek skep hom met my lepel uit
en dis toe hy my sopnat spuit

My hondjie *deur Helena J.F. Lochner*

My ou hondie
Is so laf,
As ek hom roep,
Begin hy blaf.

Ek kan verstaan
Wat hy wil sê.
Dit is sy kos
Wat hy wil hê!

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 1 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Wippie en Snippie

Wippie en Snippie loer
uit by 'n gaatjie.

Wip is muisie en Snip
is sy maatjie.

“Wippie en Snippie, daar
kom die groot kat!”

Woerts is die muisies
weer terug in die gat.

Opgelos *deur B.Traas*

Haai! Volstruis, met jou lang nek!

Kan jy hom nog langer rek?

Kan jy hom nog langer maak

Dat jy aan die dak kan raak?

Kyk dan tog 'n bietjie daar

Of jy nie my bal gewaar? 'k

Het hom netou verloor,

Kyk tog mooi, Volstruisie, hoor?

Tien klein paddatjies

Tien klein paddatjies kom sit in 'n
kring,

Bring julle bookies en laat ons sing.

Maak julle bekkies wawyd oop En
sing vir my so soet soos stroop.

Kwak-kwak-kwak, Kwek-kwek-
kwek,

Tien klein paddatjies maak my gek

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 2 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Knieliedjie

Hurte, hurte,perdjies
Met hul stompe stertjies!
Kyk hoe ry die menere
Met hul bonte klere,
Kyk hoe ry die vroutjies
Met hulle wye mountjies.
En kyk hoe ry die konstabel
Met sy groot blink sabel.

Lekkerbek *Deur Francois Bloemhof*

Ma is aan die koekies bak,
ek hoor haar sing in die kombuis.
Geure wat jou mal kan maak,
hang oral in ons huis.
Koekies wat so knars en kraak,
jy wil sommer net versluk.
As daardie koekies nou eers gaar is,
staan my maag weer trommeldik.

Amandels

Amandels het 'n harde dop,
Eendag tel ek self een op.
Ek sê vir Boet: "Stamp dit vir my,
Dan kan jy ook 'n stukkie kry."

Hy stamp dit netjies middeldeer
En raai net wat het toe gebeur?
Hy gee vir my die leë dop
En eet toe self die binneste dop!

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 3 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Die Haantjie *deur W. H. Boshoff*

Haantjie klap sy vlerkies toe,
En sê: koe-ke-doe-del-doe!
Dit is tyd om op te staan:
Kinders, jul moet skool toe gaan.

Haantjie, waarom tog so vroeg?
Ag, ek is tog nog so moeg!
Haantjie, stil tog asseblief,
Ek het tog my slaap so lief.

Kinders, nee, dit is al laat. Al
die mense loop op straat.
Een mal nog roep ek jul toe:
Koe-ke-doe-del-doe!

Straatliggies *deur A.B.*

Kyk hoe skyn die liggies,
Alkant van die straat,
Nou moet ek na bed toe,
Want dit is al laat!

Nag, mooi ou liggies,
Wys die mense reg;
Want die nag is donker,
En die maan is weg.

Die Skoen

“Koen, maak heel my skoen.”

“Ja, Juffrou; dit sal ek doen.”

“Koen, maak jy hom sterk?”

“Ja, juffrou; dit is my werk.”

“Koen, is my skoen al klaar?”

“Ja, Juffrou: betaal my maar.”

“Koen, ek het nie geld by my nie.”

“Juffrou, dan kan jy jou skoen nie
kry nie.”

“Dag, Koen.”

“Dag, Juffrou-sonder-skoen!”

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 4 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Husse Met Lang Ore *deur Elsa Niemeyer*

Wie kan my sê wat Husse is
– Husse met lang ore?
En juis hoe lyk die snaakse goed?
Waar kry mense hulle spore?
Word hul miskien in Husseland.
Of in die maan gebore?
Moet mens hul in die maanlig
soek, Of vroeg, vroeg in die môre?
Ek vra en vra, maar tevergeefs,
My moeite gaan verlore,
Al antwoord wat ek altyd
kry Is husse met lang ore!

Popsielief *deur Winnie Malan*

Popsielief, toe kom dan nou –
Met jou ogies hemelsblou –
Jy moet alles nou laat staan,
Ons twee moet nou bed toe gaan.

In my armpies kan jy lê –
Wat wil jy dan beter hê?
Maak nou altwee ogies dig,
Anders blaas ek dood die lig.

Ander poppies slaap al lank,
Klaasvakie het hul vroeg gevang;
Al die bedjies is al vol –
Nag, my kleine skattebol!

Bang! *deur J.v.B.*

Allenig moet ek bed toe gaan,
Dis donker in die gang,
Sal niemand vra om saam te loop,
Hul sê reeds ek is bang.

Daar sit hy in die hoekie weer,
Sy arms sal my gryp,
En “Mammie! Mammie!”
skree ek hard,
“Die donker wil my knyp!”

En toe vat Ma my handjie vas
En lei my deur die gang.
Die skelm was my eie jas
Wat aan die kapstok hang.

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 5 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Visvang

Plaps! Dit was so amper
Of ek het nou een gehad
Maar hulle is so vreeslik glad
Van al die tyd se bad.

Soe! Die water loop al straatjies
Agter in my nek,
En onder by my skoen so
sool Begin dit ook te lek.

Kaats! Hou op met knor en loer.
Jy maak die visse bang!
En dan kan ek maar opgee
Om vir hulle te wil vang.

Outjie! Nou kyk 'n bietjie,
Hoe het ek dit reggekry?
Die mooiste, geelste van die
vissies het in my...kous gekry!

As niemand kyk nie *deur H Wasserman*

Meneer De Beer skil netjies 'n peer
en eet graag kabeljou.
Maar as niemand vir hom kyk nie,
sal hy sommer oopmond kou.

Mejuffrou Louw pronk soos 'n pou,
hou van haar lippies tuit.
Maar as niemand vir haar kyk nie,
steek sy haar tong lank uit.

Tannie Meraai is verskriklik kwaai
en het 'n stywe nek.
Maar as niemand vir haar kyk nie,
trek sy graag skewebeek.

Ek klouter en klim en hou my
slim, ek raas en woed en vat
Boetie se goed. Maar as niemand
vir my kyk nie . . .
is ek rêrigwaarstroopsoet!

Daar loop die maan *deur Izak du Plessis*

Daar loop die maan, die wandelaar
wat mantel swaai, die fiedelaar
wat deuntjies draai tussen sterre
en planete. Hy ken woorde
en woordinne, hy ken die taal

van elke watwou wiggelaar
wat witoog na die hemel staar
en uitroep sonder sinne:
Daar loop die maan!

Skryf neer jou woorde, rymelaar,
wat wydoog na die heelal staar,
swaai jou mantel na die sterre
en kyk, kyk daar tussen gode,
daar loop die maan.

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 6 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Beste Maat *Deur Albè Bester Treurnicht*

binne my voel ek klein bewerig
en bietjie bang
kom speel tog weer met my
ek begin klaar na jou verlang

wegkruipertjie en wag- 'n-bietjie-
bos sê my waar ek nou weer is
luister na musiek saam met
jou maak dinge diep in my los

môre klim ons tot by die weerhaan
wat hom so geesdrigtig swaai maak
somme met draad in die stof eet
koek vol icing gelaai

somer en son rondom my
ek dink nooit aan die nag
ons hardloop en spring en droom
want by jou kan ek altyd lag

As die son verdwyn *deur Mossie*

As die Son verdwyn
Begin die nag se skyn
En die aand se skadus grynslag
donker grou
Dan wonder ek hoe dit gaan met jou

Wonder ek of jy veilig
is En of jy my ook mis
As die nag die lig kom steel
Wil ek so graag die donker met jou
deel

Want in die nag se dinker
skadus Skuif 'n groot gevaar
In die vrm van verlange wat ek
ervaar
Wat dreig om my in te sluk
Stuk vir stuk...

As die son verdwyn
Begin die nag se skyn
En die nag se skadus grynslag
donker grou
Dis dan wanneer alles in my uitroep
na jou

Klein Woutertjie se boepens

Deur Elizabeth Wasserman

Klein Woutertjie se boepens is vet
en bol soos deeg.

En steeds kla hy aanhoudend, want
sy magie voel nog leeg.

Hy hou boonop die meeste van
tjoklits en van koek.

En daarom sit sy boudjies so styf in
sy denimbreek.

Mamma se: "Kom, eet jou groente,
dit maak jou groot en sterk!"

Maar Wouter reken groente kou, is
'n vervelige werk.

Hy hou meer van lekkers wat
wegsmelt in die mond. En daarom is
klein Wouter so spekvet en
koeëlrond!

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 7 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Die mynwerker deur Earl Martin

Ek werk vir pitte (sê die myner),
ek werk nie vir 'n saak soos jy,
waar "geld nie alles in die lewe is"
ek werk beslis net vir my pay.

Daai harde rif laasweek –
jy moes my sien boor het,
en daainemaait laai;
jy moes die skoot gehoor het . . .

En toe slaan ek aan ouwertaaim
iets oor die honders, ja;
hoekom sal ek staan en lieg? jy
kan my voorman vra.

Nee, pitte, sê ek jou;
los die plesier en die vroue
Ahem . . . e 'skuus, ek hoes
kwaai,
lyk my dis verkoue

Repos Ailleurs deur Totius

In die eensame veld
staan 'n tentjie klein,
en daarnaas in die skeemring
skuif die liggende trein; ek
sien in die tentjie,
deur die oop gordyn,
'n tafel met bordjies
en glasies fyn, wat sag
in die lig van die kersie
skyn, en ek dag: "Was
ek net in die tentjie
klein,
ek sou tog so gelukkig
syn." Naas die eensame
tent staan 'n meisie klein,
in stomme bewond'ring
van die liggende trein;
sy sien my geniet my
glansende wyn
en kost'like maal
by elektriese skyn;
en ek raai die gedagte
van die meisie klein:
"Ag, was ek maar net
in die vrolike trein,
ek sou tog o so gelukkig syn".

Poësie-aand *deur Ronnie Belcher*

Sal ek vanaand in Dorpstraat se
kafee
my siel ontbloot for everyone to
see?
Hier tussen die geskinder en
gepraat
my siel ophang aan 'n doringdraad?
Met ander se geroggel en gerook
my sielsgeheim met nikotien
bestook?
Hier tussen al die waaiers en die
fans
myself beskinder saam met also
rans?
Nee, eerder lieg en skurwe rympies
maak
oor snaakse goed wat ander siele
raak
soos ghoffels wat kafoefel op 'n trein
and other dear souls crying in the
rain.
Maar smokkel met sy siel se brood-
en-jêm
voor al dié vreemde wesens? Not-a-
dêm!

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 8 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Ontnugterig *deur C.L. Leipoldt*

O liefling, as ek luister na die wind
Wat snags so klaend en
weemoedig suis
Deur die eikeboom se blare bo die
huis,
Dan dink ek terug aan toe ek nog as
kind
Gelukkig was, onskuldig,
trougesind Aan wie ek lief gehad
het, sonder kruis
Of bitter hoon wat skielik op
kan bruis
En skaars versagting in vergeet kan
vind.

Dit was die tyd voor ek jou eers
gesien het,
Voor ek kon weet dat liefde wreed
kan wees
En ergste smart 'n droef genot kan
dra.
Eers na my hart se hartstog jou
bedien het
Tot sterwens toe, bankrot aan
hoop en gees,
Heb ek geleer hoekom die nagwind
kla.

Seisoen in die paradys

deur Breyten Breytenbach

Mag daar altyd 'n lig brind in julle
huis

Mag die paddas julle onthou

Mag die appels aljaar soeter word
En die druiweprieeel groener.

Mag julle vriende wyn saambring vir
die kuier.

Mag die huis wat julle
betrek, deurtrek bly

Van die geur van sederhout
en malvablare

Mag die walle van julle slote nie
te gou inkalwe

En instort nie

Sodat die water nog
helderder daarin kan vloei

Mag die sterre en die berg en
die stilte

Oor julle en julle gesin bly waak

Nou en môre en môre se aand

En elke van daardie dae se nag.

Een dag van morgen *Deur Hans Andreus*

Wanneer ek môre doodgaan,
Vertel dan aan die bome
Hoe lief ek jou gehad het.
Vertel dit aan die wind
Wat in die bome klim
of uit die takke val
Hoe lief ek jou gehad het.
Vertel dit aan `n kind
Wat jonk genoeg is om te begryp.
Vertel dit aan `n dier
deur hom net aan te kyk.
Vertel dit aan die huise van steen,
Vertel dit aan die stad
Hoe lief ek jou gehad het

Maar sê dit aan geen mens.
Geen mens sal jou wil glo.
Geen mens sal dit kan glo:
Dat slegs maar `n man, dat slegs
maar `n vrou,
Dat een mens `n ander so lief kan hê
soos ek vir jou.

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 9 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Vincent van Gogh *deur DJ Opperman*

jy het as 'n miskende
heilige vergeefs geveg teen
die ellende
en die onreg in die krotte van
die myn,
in agterbuurtes en op landerye;
slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en
boom verknot
in Sy kramp trekke; maar eers toe
jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon
verwe,
boere, wasvrouens en
gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die
snelle ligte
geel en groen en blou – alles met
koorsige gevlek
tot branding van die skone kon
verwek,
toe is Sy hartstog eers in
jou volbring
soos groen sipresse tot 'n
vlam verwring.

Ek het 'n huisie aan die Rand Ek

het 'n huisie aan die Rand. Dis
nag.
Ek het my huisie tweemanhoog
ommuur;
'n draad gespan; 'n kopbeen sê:
Bly weg!
Dit is 'n fort waar ek my saans
verskans.

Daarbuite hoor ek mense hardloop,
skote knal,
deure klap, rubberbande snerp op
teer.

Dan stilte. Daarbuite hoor ek
ruite val
(of is dit binne waar
diefwering makeer?)

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis
nag.

My huis, my paradys, bly
lekker onversteur.

Kyk hoe blink die koppe aan my
draad:
tot hier dring niemand,
maar niemand deur.

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis
nag.

Die alarm by die Trelidor hou
knipoog wag.

Florauna *deur Andre LeToit*

ek wil vir jou 'n gewelhuisie bou
in die boland van my hart
met 'n peerboom in die tuin
en vaatjies wyn in die kombuis
en 'n tuinkekkie met krulle
en boekrakke met sarte.

ek wil vir jou 'n gewelhuisie bou
in my onderkaap van smart
met skepe in die hawe
en donssaad op die berg
en jy, in lewende lywe
op die stoep, in jou kombes
in die winterboland van my hart.

jy kom van 'n groot glaskasteel
met kandelare en wolkatte
en toffies toegedraai in bordjies
en poedels op plaveisel
jy's ongewoond aan kaapse weer
jou tekkies is geparfumeer

maar ek wil vir jou my lewe gee
in die witafdophuisie van my hart.

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 10 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Omdat deur Antjie krog

My maer hande steek vir jou 'n kers aan
omdat jy my maat geword het toe ek
na 'n kwartaal
nog somber alleen tussen die ander
sit, omdat jy my pouses uit die

biblioteek kom haal
om saam liedjies te sing in die saal, omdat
jy my maat bly
t.s.v. my skilferhemp en nylontrui
omdat jy lief vir my geword het
en my selfs vashou teen jou bors t.s.v.
my dimpelbene en die
ryp puisies wat op my wange kors.

My kers brand
omdat jy kaalvoet saam met my deur die
dorp loop
en wag as ek iets in 'n
supermark koop
omdat jy pouses vir my brood gee,
smiddae vir my wiskunde verduidelik
en soms oor my skoon hare vee

omdat jy my maat is en so daarin
berus al skinder almal oor jy 'n seun en
ek 'n meisie is
omdat jy verstaan as ek weg van jou
kring en agter die gordyne kruip

as jy operette sing.

Kyk hoe bewe my kers nou hy sê
dankie en hy bid vir jou.

Bethlehem deur Rien Joubert

As Bethlehem net nader was
dalk iewers in die land...
dan sou ons vir die Kindjie as geskenke vat
offers uit ons seerkryland, want,
nêrens anders ruik die reën so soet nie...
kom lê die herfs as roes nie...

En as die son ons oor die blou see groet,
dan breek die sonneblom sy goudpot oop
en laat my land sy goud as offer tot by
die Lam se voetjies loop.

Dan kniel ons hier in Afrika
soos herders lank terug
by doringvure wat die nag verlig.
En vir die Kindjie in die krip word
daar pasellas uitgehaal:
'n heuningkoek, laventelbos,
'n sonneblom, 'n velkaros...

Die wyses onder ons
sou vir die Kind 'n kaartjie los,
'n dankie vir ons reënboogland,
vir roesrooi Kalahari-sand,
pers vygies teen 'n duin se kant, en
God se Kerskind vlam wat brand in
elke hart in hierdie land.

Die beiteljie *Deur N.P. Vanwyk Louw*

Ek kry 'n klein klein beiteljie,
ek tik hom en hy klink;
toe slyp ek en ek slyp hom totdat hy klink
en blink.
Ek sit 'n klippie op 'n rots: - mens moet jou
vergewis:
'n beitel moet kan klip breek as hy 'n
beitel is –
ek slaat hom met my beiteljie en dié was
sterk genoeg:
daar spring die klippie stukkend so skoon
soos langs 'n voeg:
toe, onder my tien vingers bars die grys
rots middeldeur
en langs my voete voel ek
die sagte aarde skeur,
die donker naat loop deur my land en
kloof hom wortel toe –
só moet 'n beitel slaan wat beitel is, of
hoé?
Dan, met twee goue afgronde val die
planeet aan twee
en oor die kranse, kokend,
verdwyn die vlak groen see
en op die dag sien ek die nag daar
anderkant gaan oop
met 'n bars wat van my beitel af
dwarsdeur die sterre loop.

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 11 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

Eendag as ons groot is

deur Elsa Hoffman

Ek en Pietie het dit weer gehoor
laasnag by die huis naas die ou treinspoor
die gille wat breek in die donker Houe
wat val in die sinkdakhuis

‘n vrou wat bid met haar vingers gekruis
‘n gesleep
n geworstel
maar die man is sterk
en ons weet van die meisie met die
dooie oë.

Dit gebeur reeds geruime tyd
maar ons ma’s het gesê julle bly daar
uit by so iets raak ‘n mens g’n betrokke
Tog is Pietie en ek
saans op ons plek en eendag as ons groot
is
kan ons dalk iets daaraan doen

eendag as ons groot is raak haar
oë miskien weer groen eendag as
ons groot is –
Ons hoor maar weer
elke naweek sonder keer
hoe sy gil en pleit hoe hy lag in sy jolyt

Ons kyk elke Maandag en haar oë is
dood en so teen Vrydag – ons weet dit is
sy paydag
skop sy klippe op pad huis
toe Maar, laat dit staan
ons bly stil maar ons verstaan

en eendag as ons groot is sal ons praat
en vertel
van die meisie met die groen oë in haar
pa se hel
eendag as ons groot is – kyk, ons is
maar net dertien

maar eendag as ons groot is sal almal dit
sien.

Die Hanswors *deur SJ Pretorius*

Oor sy afsigtelike boggel,
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn as sy
vergroeiende ruggraatpyn.

Tussen die diere in ‘n hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
“Met klere wat gedurig gaar is, wat
doen die vent met sy salaris?”

Hy’t maandeliks by die poskantoor
‘n brief gepos of een gelees by die
dierkratte, oor en oor:
“Sou daar tog erens iemand wees?”

En daardie ewige reuk van drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder dat
almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het ‘n brief gekom eendag . . . Hy’t
oor die bed gebuk, verblind, terwyl ‘n
boggelvroutjie, sag, sterwend
fluister: “Dankie my kind . . .”

Seisoene *deur Clinton du Plessis*

Ek mis jou so:
tog onthou ek saans die kalm klamtes van
jou oë.
Ek sou so graag wou hê
dat jy vrouwarmsag teen my lyf moes lê
sodat ek al die woorde self in jou oor kon
sê.

Ek wens ek kon luister, hoe jy snags
snoesig slaap:
jou oë toe, jou asem 'n sagte simfonie
teen my bors.
ek wens ek kon jou kalbassies koester
en versigtig-bang soos 'n blinde man
elke ronding van jou lyf soos 'n viool streel
en stryk
en vir ure in jou stil sagte oë bly kyk.

Ek wens ek kon weer met my lippe aan
joune raak

en die warm wonder van ons samesyn
smaak
ek wens ek kon jou net weer vashou
en jou styf in my bestaan toevou,
want elke oomblik dink ek nou aan jou.

Dus, dink aan my,
droom van my,
skryf my naam op die binnekant van jou
hand
soos 'n verliefde skooldogter en
bloos vir my.

Want kyk, die herfs van ongedeelde
onthou is nou verby
en die lang winters van ons alleenwees
is nou uiteindelik 'n sekersomer van
saamwees.

Voorgeskrewe Gedigte vir Graad 12 2021

Kies slegs een van die volgende gedigte

'n Paternoster vir Suid-Afrika

Here, laat die name geheilig word
van al die kinders van die land –
van hulle
wat modderkoekies gebak het uit sy
aarde,
dassies skrikgemaak het in sy klowe,
wol getrap het in sy krale. Ek het
asemloos toegekyk:
swart bolywe geboë oor magtelose
diere en skerp skêre wat my laat wag
het, bang vir die glip-slag, die bloed, die
pyn. Maar die swart versigtige hande
het selde dieper as die wit geknip
en ek kon die lootjies uitdeel
want die arbeider was sy loon waardig
volgens die aantal wat hy vrygemaak het
om ligvoets teen die somerheuwels uit te
wei. Maar die bale is lankal toegewerk en
weggestuur, die wololie van my voete
afgewas,
my bene nie meer lam getrap nie.
Vergewe ons, die vergeetagtiges, die
uitgerustes, soos ons hulle vergewe,
die luidrugtiges
wat nooit binne die kraal was nie,
wat nooit rietperd gery
en kaalvoet geloop het nie,
en Here, sien ons hande aan:
Kyk, om my wit pols is 'n armband
van gras;
my donker speelmaat het dit
kunstig gevleg
soos ek nooit kon nie...
Aan U behoort die land
en die son
en die skape van sy weiding Gee
ons liefdevolle hande, Heer, en
sny U self versigtig aan die
belemmerende kleed dat daar
nie onnodig bloed vespil nie
en deel U self die lootjies uit

Die Elwekoning *–deur Johann von Goethe*

Wie ry daar so laat deur nag en wind?
Dit is 'n vader met sy kind;
Hy druk die knapie so styf in die arm,
Hy hou hom veilig, hy koester hom warm.

“My seuntjie berg bang sy gesiggie, vir
wie?”

“Sien Vader die Elwekoning dan nie?
Die Elwekoning met mantel en sleep?”
“My kind, dit is 'n newelstreep.”

“Kom, kindjielief, kom saam met my! So
heerlik speel hul waar ek bly; Veelkleurige
blomme groei op die strand, Van goud
gaan jou kleed wees uit moeder se
hand.”-

“My Pappie, is Pappie dan heeltemal
doof Vir wat Elwekoning my saggies
beloof?” “Bly stil, wees rustig maar, my
kind! In dorre blare duisel die wind.”-

“Gaan jy, lief seuntjie, met my saam?
My dogters ken almal reeds jou naam;
My dogters dans voor die nagt'like rei
En wieg jou en dans en sing so bly.” –

“My Vader, kan Vader dan glad
nie gewaar
Elwekonig se dogters in die donker kol
daar?”
“My seuntjie, my seuntjie, ek sien dit heel
goed:
Die ou-gras skyn geel aan die randjie se
voet?”

“Jou skoonheid bemin ek, my siel
is ontsteld;
En as jy nie wil nie, gebruik ek geweld!”
“My Pappie, my Pappie, nou vat hy my
raak!
Elwekoning het my seer gemaak!”

Die vader skrik; hy ry soos die wind,
En hou in sy arms die kreunende kind,
Bereik sy plaas in bange nood;
Die kind lê in sy arms dood.